# CANOLAFOKUS

**Mondstuk van die canolawerkgroep**




*Junie 2001 No 11*

## NUUS VANAF DIE CANOLABEDRYFSKOMITEE

### 1. Inleiding

Canolaprodusente in die Suid-Kaap en Swartland het ‘n paar jaar gelede ‘n Canolabedryfskomitee (CBK) gevorm om na produsente se belange om te sien.

Buiten die CBK se gereelde vergaderings word daar ook jaarliks ‘n Canolakonferensie gehou. Dit dien as ‘n platvorm waar canolaprodusente hulle behoeftes oor die bedryf kan stel. Hierdie konferensies vind elke jaar gedurende Februarie plaas.

Die CBK bied ook jaarliks ‘n Canola Boeredag aan om tegniese inligting oor die bedryf aan produsente oor te dra. Hierdie Boeredag vind gedurende September elke jaar plaas.

### 2. Organisatoriese bedeling

Die CBK het sedert Maart 2001 by Graan Suid-Afrika ingeskakel. Die CBK sal steeds bly funksioneer en deur middel van GSA se Oliesade Spesialis Werkgroep inskakeling by GSA vind.

Die Komitee word jaarliks by die Canolakonferensie deur produsente uit die onderskeie produksiestreke verkies. Die huidige samestelling sien soos volg daar uit, naamlik:

<u>Streke:</u>

| | |
|---|---|
| Piket / Swartland: | D W (Pien) Bester |
| Malmesbury: | F (Fanie) Walters |
| Overberg / Suidpunt: | J J B (Liohan) Giliomee |
| Swellendam / Heidelberg: | D (Dirk) van Papendorp |
| Riversdal / Albertinia / Mosselbaai: | C D du Toit |

Landboubesighede:

| | |
|---|---|
| Swartland: | J (Johan) de Lange |
| Suid-Kaap: | H J (Hennie) Steyn<br>J J (Seppie) Morkel |

Tegniese Adviseurs:

| | |
|---|---|
| Swartland: | Charl van der Merwe |
| Suid-Kaap: | Pierre Laubscher<br>Jannie Bruwer |

**3. 2001 Canolakonferensie**

Die afgelope konferensie het op 14 Februarie 2001 te Caledon plaasgevind.

3.1 Openingspreker

Die openingspreker was dr Carl Albrecht, Koördineerder van Navorsing van die Kankervereniging van Suid-Afrika. Sy openingsrede het oor "Canola as gesondheidsvoedsel" gehandel waaruit die volgende geblyk het, naamlik dat:

- ons lewensstyl bydraend tot die meeste kankers is;
- die drie vernaamste lewensstyl oorsake is tabak, (30%) voeding / dieet (40 – 60%) en bestraling (UV en X-straal) (10%);
- die herstel van 'n gesonde balans in ons dieet 'n deurdringende rol kan speel om die risiko vir degeneratiewe siektes soos kanker en hartsiektes, daadwerklik te verminder;
- canola olie het 'n samestelling wat beduidend van ander plantolies verskil;
- by canola olie is die belangrikste aspek die teenwoordigheid van omega – 3 vetsuur en dat die verhouding van omega – 6 tot omega – 3 van 2:1 is; en
- talle publikasies bestaan wat aandui dat omega – 3 vetsure 'n belangrike rol speel in die voorkoming en / of verbetering van verskeie siekte onder andere hartsiektes en kankers.

Ter opsomming word die volgende ses aspekte graag vermeld, naamlik:

- ➢ die wanbalans in ons moderne dieet is die oorsaak van die meeste kankers en speel ‘n groot rol in die ontstaan van ander siektes;

- ➢ omega – 3 vetsure speel ‘n belangrike en bewese rol om talle siektes insluitende bors, kolon en prostaatkanker te voorkom;

- ➢ die verhouding van omega – 6 tot omega – 3 vetsure is erg versteur in die moderne dieet. In plaas van ‘n verhouding van 1 tot 1 is dit 10 tot 1, dit wil sê tien keer te veel omega – 6 vetsure.

- ➢ canola olie bevat die meeste omega – 3 vetsure van alle plantolies;

- ➢ dit volg dus logies dat verhoogde inname van canola olie voordelig vir gesondheid behoort te wees; en

- ➢ hierdie belangrike gesondheidsboodskap behoort aan die breë publiek uitgedra te word.

**{Die referaat is op aanvraag by Agri Wes-Kaap (Tel: (021) 8721618) beskikbaar.}**

3.2 Canola kultivars, genetiese aspekte, die invloed van GMO in canola kultivarontwikkeling en aanwendingsmoontlikhede

Mnr Corne Meyer, Advanta Africa Seeds (Pty) Ltd het ‘n baie interessante referaat gelewer oor die onderwerp waarin die gebruikswaarde, voordele vir die produsent en verbruiker, verskeidenheid kultivars om uit te kies na gelang van klimaats en ander omstandighede.

**{Die referaat is op aanvraag by Agri Wes-Kaap (Tel: (021) 8721618) beskikbaar.}**

3.3 Die rol van “GMO” tegnologie by kultivarontwikkeling

Mnr Andrew Comrie van Hygrotech Saad het ‘n meer algemene referaat gelewer om die rol van GMO tegnologie by kultivarontwikkeling toe te lig. Sy referaat is ook op aanvraag beskikbaar.

## 4. Canola webwerf

Die CBK ondersoek die moontlike vestiging van ‘n webwerf waardeur canolaprodusente inligting oor produksie en oestegnieke kan bekom. Daar word beplan om die webwerf in die tweede helfte van 2001 operasioneel te hê.

**BELANGRIKHEID VAN DIE GEBRUIK VAN GESERTIFISEERDE SAAD**

**Jannie Bruwêr, SSK**

Kultivars het sekere karaktereienskappe, bv. swartstamweerstand, springtraagheid, univormiteit, groeiseisoen lengte en olie inhoud, wat uniek is aan daardie kultivar. Baie tyd en geld word deur die telers gespandeer om top kwaliteit kultivars aan die boere te bied. As gevolg van die kruisbestuiwende komponent van canola vind degenerering van die eienskappe vinnig plaas indien saad van een generasie na ‘n ander oorgedra word. ‘n Opname oor die kwaliteit van boere canola saad deur Agriculture Victoria, Australië, het die volgende statistieke opgelewer:

Tabel 1. Verlies aan prestasie vanaf boere canola saad

| *Eienskap* | *Gemiddeld* | *Omvang* |
|---|---|---|
| Opkoms | 26.2 % | 0 - 97 % |
| Groeikragtigheid | 23.2 % | 0 - 88 % |
| Opbrengs | 12.4 % | 0 - 76 % |

Behalwe die moontlike verlies aan prestasie wat jy kan ly as jy saad terughou, skep onkruid kontaminasie ook ‘n probleem. Dit bemoeilik onkruidbeheer, verhoog produksiekoste en kan prys penalisasie teweeg bring as gevolg van ‘n swakker kwaliteit produk.

Ten laaste moet onthou word dat saadmaatskapye wetlik verplig word om saad standaarde en kwaliteitseienskappe te waarborg.. Teen 3 - 5 kg saad/ha is gesertifiseerde saad dus verreweg ‘n uitstekende vertrekpunt. **SSK koop nie canola van teruggehoude saad aan nie omdat die kwaliteit van die olie verswak.**

Die inligting in hierdie skrywe is bekom uit ‘n artikel van Dr TN Kotzé, Agricol (Edms.) Bpk, **Die benadering tot kultivarkeuse**. Verdere navrae kan gerig word aan die outeur of redaksie van die pamflett.

**Navrae:** Hoofdirektoraat Landbou:WK, Privaatsak X1 Elsenburg 7607 ,Tel 8085111.
**Redaksie:** HJC Agenbag DJ Hanekom Dr N Kotze

***Geborg deur die Proteïennavorsingstrust***